**Hoërskool Oos-Moot**
HAARHOFFSTRAAT 1120, VILLIERIA, 0186
Telefoon: (012) 332-0601
E-pos: oosmoot@oos-moot.co.za
www.oos-moot.co.za

19 Julie 2024

Geagte Ouer/Voog

**EDUVELOPMENT PROGRAM – VAKKEUSES, BEROEPSRIGTINGS (ALLE GRADE)**
Ons is opgewonde om u in te lig oor die Eduvelopment program wat die skool hierdie jaar in gebruik neem.

Edulopment is 'n wêreldklas aanlyn program wat ontwikkel is om hoërskoolleerders te help om ingeligte besluite oor hul toekoms te neem, hulle voor te berei vir verdere studie en loopbane en om 'n vervulde lewe te lei.

Hierdie innoverende maatskappy maak dit moontlik vir al ons leerders van graad 8 tot 12 om hul vakkeuses te struktureer volgens verskeie beroepsrigtings.

***Elke leerder sal hierdie kwartaal deur die skool geregistreer word en die huidige graad 9-leerders sal hierdie program reeds vir hul vakkeuses vir 2025 kan gebruik.***

**Wat Bied Eduvelopment?**

1. **Vakkeuses in Beroepsrigtings:** Eduvelopment help leerders om hul vakkeuses te maak op grond van hul belangstellings en die beroepsrigtings wat hulle wil volg. Dit verseker dat leerders die beste moontlike voorbereiding kry vir hul toekomstige loopbane.
2. **Universiteitsopsies:** Die program bied ook 'n omvattende oorsig van verskillende universiteitsopsies. Dit help leerders om ingeligte besluite te neem oor waar en wat om te studeer.
3. **Beurse en Finansiële Ondersteuning:** Eduvelopment hanteer ook aansoeke vir beurse en ander vorme van finansiële ondersteuning. Dit maak dit vir leerders makliker om toegang tot verdere onderwys te kry sonder om finansiële struikelblokke in die gesig te staar.

   Besoek gerus Eduvelopment se webwerf vir volledige agtergrondinligting.

Hierdie program sal meer breedvoerig bespreek word tydens die Ouerinligtingsvergadering van die beheerliggaam en ons nooi al ons ouers uit om dit by te woon op 29 Julie, vanaf 18:00 tot 19:00 in die skoolsaal.

Oos-Moot groete

S THERON
HOOF